MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 9/2025 **19 Junie 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

O koud is die windjie en skraal.
En blink in die dof-lig en kaal,
so wyd as die Heer se genade, …
In elk' grashalm se vou blink 'n druppel van dou,
en vinnig verbleek dit tot ryp in die kou!

Winternag – Eugène Marais

Gedurende die laaste twee weke se koue het hierdie woorde van Eugène Marais se bekende gedig gereeld by my opgekom. Met die son wat die naweek reeds omdraai, glo ek almal is dankbaar dat die welverdiende wintervakansie volgende Vrydag aanbreek. Dankie aan die ouers wat verlede week die koue trotseer het en koffie saam met my geniet het. Ek vertrou julle kinders het die eksamen tot dusver oorleef. Sterkte aan die matrieks met hul lang klasse en die winterskool wat voorlê.

Ons leerders het ons op buitemuurse gebied opnuut trots gemaak. Op kultuurgebied is ons orkes tydens die Eisteddfod as die beste jong orkes aangewys en Danike Marx (graad 8) het na twee afdelings van die ATKV se landswye redenaarsfinaal in die Kaap deurgedring. Op sportgebied was ons netbal weer eens oortuigende wenners van hulle liga en het ons eerste- en o. 17A-span na die Tshwane-halfeindronde deurgedring waar hulle ongelukkig vasgeval het.

Op die rugbyfront het ons rugbyspanne die naweek geskiedenis gemaak deur almal na die Blou Bulle-finaal deur te dring wat die eerste Saterdag na die vakansie by ons plaasvind. Sterkte aan hulle, asook ons seuns en meisiehokkiespanne wat vir hulle onderskeie Noordvaalfinale na die vakansie voorberei. Bon Voyage aan ons krieketseuns wat volgende week vir hul langverwagte toer na Engeland vertrek.

Na die bedrywige kwartaal is my wens vir elke leerder, ouer en onderwyser dat julle, waar moontlik, heerlik sal rus en laat slaap. Gryp hierdie rusgeleentheid met albei hande aan, en kom terug met glase wat oorloop van positiewe energie.

RISE AGAINST HUNGER-PROJEK

Graag wil ons u almal van harte vir die bydraes ter waarde van R333 000 bedank. 'n Spesiale woord van dank aan Dr Scholtz & Vennote, Multiloads en Issabella Garcia vir hulle reusebydraes. Dit het die graad 10's in staat gestel om 115 128 maaltye vir minder-bevoorregtes, as deel van hulle gemeenskapsuitreikprojek, te pak.

VAKANSIETYE VIR KLEREWINKEL

Vrydag 27 Junie	07h00 – 15h00
29 Junie – 16 Julie	Gesluit
Donderdag 17 Julie	08:00 – 16:00
Vrydag 18 Julie	08:00 – 16:00
Maandag 21 Julie	08:00 – 17:00
Dinsdag 22 Julie	07:00 – 17:00
WhatsApp of bel 064 937 0551 vir dringende versoeke.	

AKADEMIE — **Klik op die skakel vir akademiese inligting.**

SPORT — **Klik op die skakel vir sportuitslae.**

KULTUUR — **Klik op die skakel vir kultuuruitslae.**